# SAGES Oos Vrystaat Bestuurs Vergadering 15 Januarie 2026.

## Frankfort Buite Klub.

## Notule.

1 Opening. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig en open die vergadering.

2 Presensie/ Verskonings: Teenwoordig Pierre Hattingh, Trevor Kahts, Andre Bester en Danny Claasen. Verskonings ontvang van Sarel Reynders en Louise Hattingh.

3 Notule Vorige Vergadering: Goedgekeur.

4 Sake uit notule.

4.1 Sentrale Streeks Kampioenskap: Oos was gasheer en die kampioenskap was suksesvol en foutvry afgehandel.

5 Nuwe Sake:

5.1 Takkampioenskap formaat: Bly dieselfde as laasjaar nl:

A afdeling: Takkampioen sal deur slagspel( medal) bepaal word. ( almal speel van 0 voorgee. Mans vanaf wit bowwe en dames vanaf blou bof.)

Die res van die lede kompeteer in afdelings B en C waar daar op IPS formaat meegeding word vir wenner en naaswenner in beide afdelings.

B afdeling: vanaf voorgee indeks 6,3 tot 15.0

C afdeling: vanaf 15,1 en hoër voorgee indeks.

5.2 Algemene Jaar Vergadering: Die bestuur doen die volgende aanbevelings vir AJV:

5.2.1 Afslaantye Takbyeenkomste: Registrasie vanaf 8h30 en afslaan 9h30. Registrasie geld R150pp saamgestel as volg: Baanfooi R100, tee/koffie en toebroodtjies R30, Whiskey draw R10 en R10 na Oos fondse.

5.2.2 Ledegelde: R300 per lid.( R90 heffing vir NBK ingesluit)

5.2.3 Beskikbaarheid van Bestuurslede en Takverteenwoordigers:

Huidige bestuurs lede en takverteenwoordigers is almal beskikbaar in hul poste.

5.3 Oos is die gasheer vir die Drakensberg v Oos VS op Harrismith en Oos VS v Noord VS op Bethlehem.

6 Algemeen:

6.1 Na bespreking keur die bestuur goed dat Oos die registrasie gelde vir die span vir die 2026 Nasionale Kampioenskappe sal betaal, asook R300 per spanlid vir sakgeld asook n spesiale SAGES Oos VS 2026 T-hemp vir elke spanlid sal borg. Elke spanlid kan n 2de T-hemp bestel vir sy/haar eie koste.

6.2 Die gebruik van n kaartmasjien ipv kontant vir word bespreek. Mosie vir bespreking sal vir AJV ingedien word.

6.3 Heilbron. Danny sal ondersoek doen na die moontlikheid om weer n SAGES tak daar op die been te bring.

6.4 Ficksburg het aangedui dat hul graag ook n Takbyeenkoms sal wil aanbied.

Beveel so aan in AJV.

6.5 Jaareind Takbyeenkoms en afsluiting. Daar word aanbeveel dat die datums soos op die bepalings vir Clarens en Senekal omgeruil word in die lig van Senekal se huidige probleem met die baan en fasiliteite vir Jaareind ete funksie. Dit sal met die takverteenwoordigers bespreek word.

7 Afsluiting: Die vergadering verdaag 16h00.